Tweede uitgawe
2018

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur	1
Vergadering van 3 Maart	2
Terugvoering demonstrasie	19
Vergadering van 7 April	20
Gewoontes	26
Kalender	27
Sorgskedule	28
Snippets	29

From the editor

Bonsai friends

Coca-Cola (or Coke as we like to call it) is possibly the best known soft drink in the world. I read a while ago that the management of Coca-Cola decided to stop advertising Coca-Cola, because why would they 'waste' money on advertising a product that is world renown and consumed by all?

To their surprise the sales of the drink dropped dramatically after some time. They then advertised again and sales picked up.

What has that got to do with bonsai, you ask? Well, absolutely nothing. Accept that you will notice an advertisement of a company in this issue. A first for the newsletter and our Kai.

The committee was approached by one of our members and asked if we would consider advertising in the Koeda and in the general newsletter, and after some deliberation the committee thought that it could be tested. This will mean a small income for the Kai (advertising is not free ☺) and from the Kai side we will assist members.

Please let us know how you feel about it. If the general response is negative the committee will obviously have to reconsider.

Jaco

Place your bonsai at a comfortable height. As in other art forms, the closer to eye level the easier to enjoy...and work. Bonsai kept at or near ground level is regularly neglected.

Vergadering van 3 Maart 2018

Vergadering van 3 Maart 2018

Mini-uitstalling by die vergadering

Die vergadering was, as gevolg van die algemene jaarvergadering, langer as gewoonlik en ons wou graag saam met oom Edwin, wat op 6 Maart negentig geword het, koek en koffie geniet; daarom is die bome wat uitgestal is nie deur hulle eienaars bespreek nie. Die bome wat op die uitstalling was word dus net gewys sonder om te sê watter boom dit is of om iets van die geskiedenis van die boom te noem.

"I will put the Cedar in the wilderness. The Acacia and the Myrtle and the Olive tree. I will place the Juniper in the desert, together with the Box tree and the Cypress."

- Isaiah 41: 19

Vergadering van 3 Maart 2018

'Tip of the month' - Deur Elsie Ceronio

Ek het lank gedink oor watter bonsai wenk ek nou regtig met julle kan deel.

Soos ek deur al Charles se notas werk is daar baie inligting waarmee ek julle ure en selfs dae kan besig hou.

My agtergrond in Bonsai:

- Bonsai was vir 48 jaar 'n integrale deel van ons huwelik.
- Charles het graag sy grappie vertel dat hy moes besluit tussen my of bonsai en dat hy my gevra het of hy 'n tydtjie kon kry om te dink. Na so 'n paar dae het hy gesê, "Ma ek sal jou mis".
- Vir jare het ons saam ge-leopard crawl in kwekerye, saam oorgeplant, saam klippe opgetel, saam gesnoei en saam ge-bonsai in Suid-Afrika en oor die wêreld.
- Later was ek nie meer so intensief in alles betrokke nie maar ek het altyd 'n mening gehad.

Ek het egter besluit om met julle my ervarings van bonsai versorging te deel oor die afgelope 18 maande.

Na Charles se afsterwe was baie mense bekommerd oor wat van die bome sou word. Wie gaan hulle versorg? Of wie gaan weet wat om te doen en wanneer?

My een kleinseun, Wikus het egter volmondig sy vertroue in sy ouma gestel vir die taak. Want het hy gese, "sy weet van wiskunde en sy kan tel". Hy het geglo sy ouma het vir Einstein wiskunde geleer. Oupa het vir hulle geleer jy tel twee blaartjies dan snoei jy – Wikus het gehelp om die Witstinkhout groep te snoei.

Natuurlik het ek 'n span stuurmanne aan die wal. Sameul, die tuinman, sou my vinnig meedeel "Die oubaas sou dit nie so gedoen het nie"; die kinders "Is ma seker Pa sou dit so gedoen het?" Zak het luidkeels verkondig dat geen voël deur die takke kan vlieg en Wikus as ouma dalk 'n takkie breek nie. "Ouma moet onthou oupa het groot hande gehad, maar hy het sag gevat", asof ouma dit nie geweet het nie.

Ek het vinnig besef bonsai is meer as net tot twee tel.

Ek moet ongelukkig vir julle vertel van al die foute wat ek gemaak het in die proses van versorging.

WATER

Ek het besluit geen boom sal doodgaan van droogte nie.
Ek het amper van die bome versuip want elke boom het nie ewe veel water nodig nie. Die blare het vinnig vir my vertel:
Te veel water – dreineringsgate verstop, plant my oor asseblief of kleierige grond.
Te min water – verdorde, hang en geel blare.

Vervolg op bl 5

Vergadering van 3 Maart 2018

'Tip of the month' - Deur Elsie Ceronio

SNOEI – ek weet van snoei

GEREEDSKAP: Erken ek kon nie Charles se gereedskap gebruik sonder om my oë uit te huil nie. Ek besluit toe, soos so baie mense, koop sommer 2 goedkoop skêre en dit sal dieselfde ding doen. Die twee skêre het in 'n sekere mate die ding gedoen, maar ek het menige gekneusde takke en takkies gehad wat nie uitgeloop het waar ek dit wou gehad het nie. Die gevolg was gekneusde rafelrige stokkies wat weer gesnoei moet word. Gebruik en belê in ordentlike en regte bonsai gereedskap.

Van snoeitegnieke vir die verskillende bome het ek genoeg geweet, maar met al die inheemse bome moes ek vinnig leer hoe dit gedoen moet word. Charles het ongelukkig nie alles neergeskryf nie. Met sy boek oor inheemse bome wat in wording was, is daar wel 'n paar notas wat ek kon gebruik.

Ek was ook baie versigtig om sommer drasties terug te snoei en het party bome net in toom gehou.
Die Akasias het ek ongelukkig nie genoeg gesnoei nie. Daar is 3 van hulle wat tans 'n drastiese "makeover" moet kry omdat die bo-groei te sterk ontwikkel het.

Ek weet nou dat die voëls 'n probleem gaan hê om deur sekere bome te vlieg.

PESTE EN PESTELENSIES

Ek het geweet as daar miere is, is daar êrens onwelkome gashere.

Bome met krulblare, met roeserige en bruin blare, met half geëete blare, met wit wollerigheid onder die blare en aan die stamme, met dopluise – dit het ek geweet hoe dit lyk.
Die fout wat ek gemaak het: die een Witstinkhout groep was oortrek met wit wolluise. Ek het gedink dat 'n ekstra dag of twee nie 'n verskil sou maak nie en ek het vir hulle Koinor gegee. Ek het geëindig met swartblaar Witstinkhoute.

'n Groot nota wat Charles gemaak het op een van sy lesings, was:

- Kyk na jou boom en voel met jou hande, die blare, die takke, die wortels bo die grond en jou grond.
- Doen dadelik iets en moenie uitstel nie.
- Maak gifstowwe flouer aan as aanwysings. Spuit droeë blare onder, takke in die voue.
- Moenie siek bome voeding gee nie en herhaal die proses indien nodig.

PROBEER PESTE VOORKOM

Ek kan nog 'n hele storie vertel van voeding, maar dit kan ek 'n volgende keer doen. ♣

Vergadering van 3 Maart 2018

Bonsai 'NUT'!

Elke jaar by die algemene jaarvergadering, word daar 'n Bonsai 'Nut' vir die jaar wat verloop het, aangewys. Die 'trofee' gaan aan die persoon wat die meeste entoesiasme in die kai en in bonsai in die algemeen gewys het. Hierdie jaar het die komitee besluit om die 'trofee' aan Louis van der Walt te gee.

Louis se groot passie in bonsai is inheemse bome. Jy sal geen uitheemse spesies in sy versameling vind nie. Hy stal gereëld tydens ons maandelikse byeenkomste van sy bome uit en vertel dan met passie wat in elke boom se lewe aangaan. Hy is ook al deel van ons jaarprogram waar hy of 'n "tip of the month" met ons deel of 'n praatjie lewer.

Baie geluk Louis en baie dankie vir jou entoesiasme en bydrae in die Kai! ♣

90 ste Verjaarsdag !!

Deur Pieter du Plessis

Oom Edwin se van is Morgenrood, en dit beteken 'die rooi gloed as die son opkom'. Digters vertolk dit as daeraad, rooidag, dagbreek ens. Dit het vir my simboliese betekenis: Oom Edwin het 'n demonstrasie gedoen die dag toe ek by die Kai aangesluit het. Toe het die dag vir my aangebreek omdat ek baie geleer het uit sy demonstrasie en al die ander aktiwiteite van die Kai.

Oom Edwin het in 1972 met bonsai begin. Hy het in sy bonsai-loopbaan onder andere die VSA besoek en daar bekende meesters soos John Naka en Ben Oki ontmoet wat 'n groot invloed op hom gehad het. Oom Edwin was 'n gereelde spreker oor bonsai by skole en tuinbouverenigings.

In die Kai was hy onder andere verantwoordelik vir die invoer van potte en gereedskap en het dit vir baie jare behartig. Hy het al die doeanebeamptes, tot die president van die Reserwebank geken om die invoere te doen teen die beste pryse. In sy dagtaak was hy 'n sakeman in die melkbedryf.

Baie geluk met die negentigste verjaarsdag oom Edwin en vir jou vriendskap en bydrae in die Kai. ♣

Algemene jaarvergadering – Voorsittersverslag

Die jaar het weereens verby gevlieg. Ons het weer ’n baie goeie jaar gehad met baie dinge wat in die Kai gebeur het.

Ledegetalle bly konstant. Daar is altyd nuwe lede wat aansluit wat wys dat belangstelling in Bonsai groei.

Ek is deur Francois ingelig dat sy beginnerskursus altyd vol bespreek is. Daar is 21 mense deur die kursus die jaar. Vir nuwe lede is dit ’n goeie begin om deel te neem aan die kursus.

Die praaitjies en demonstrasies was weereens van hoogstaande gehalte. Ek wil vir die lede wat dit aangebied het bedank vir die moeite wat hulle gedoen het. Dit neem redelik tyd om so ’n praaitjie saam te stel.

Dan was daar die BRAT-dae en konvensie in PE. Dankie aan almal wat die moeite gedoen het om dit by te woon. Dit is altyd interessant en ’n mens leer altyd iets nuuts en dan natuurlik die vriendskappe wat gevorm word.

Die Kai se gelde staan sterk. Daan sal vir ons terugvoer gee.

Dan kom ons by die skou wat ons aangebied het. Ek dink dit was ’n groot sukses en wil die lede bedank wat daaraan deelgeneem het. Ek wil die ander lede aanmoedig om ook hierdie jaar deel te neem. Hulle het gevra dat ons meer bome moet uitstal hierdie jaar.

Met die “New Talent” het die kai ook goed gevaar. Dankie aan die lede wat daaraan deelneem. Twee van ons lede, Francois en Morgan, het aan die finaal in PE deelgeneem.

Twee dinge wat ons verlede jaar ingebring het wat ek dink ook ’n sukses is, is die winkel en die werkswinkel wat 12h00 begin.

Dan wil ek vir al die lede wat deur die jaar ’n bydrae gelewer het om die klub glad te laat verloop, bedank. Dit maak nie saak hoe klein nie, alles help om ons so ’n suksesvolle Kai te maak. Dit sluit in die regpak van die saal voor en na die tyd, finansies, Koeda, winkel, tee en koeldranke en nog baie meer. Dankie ook aan die komitee vir wat hulle alles doen, dit word waardeer.

Org Exley

Vergadering van 3 Maart 2018

Die tema van die praatjie was “Bonsai potkeuses” en is aangebied deur Jaco Kriek.
Information in this article from Bonsai Empire and Bonsai4me.

BONSAI POTKEUSES

A tree is a tree, a pot is only a pot. It does not become a Bonsai until these two are combined and form a harmony. A large part of the art of Bonsai is the experience of a tree that has become detached from its ground bondage and now lives a life in a pot.

Terwyl die boom op sy eie een helfte van die komposisie bydra, help die pot om die totale komposisie te voltooi. Die ‘bonsai’ word dus beoordeel deur die visuele impak van beide die boom en die pot. Ongelukkig is dit nie altyd maklik om die korrekte of beste potkeuse te maak om jou boom in te plant nie. Terwyl die regte potkeuse sal help om jou boom se voorkoms te versterk, kan die verkeerde potkeuse afbreek doen aan jou boom. Jou boom sal dus nie sy potensiaal kan bereik tensy die ‘regte’ pot, wat by hom pas en sy ‘image’ ondersteun, gekry word nie.

Actually, many containers can serve as pots for bonsai trees if they meet certain requirements. There has to be drainage holes of course and wiring holes so that the tree can be fixed to the pot. They may be made out of ceramic, concrete, plastics and certain metals (metals may release toxins) and one can also make ones own pots. But what is considered a classic Bonsai pot is that it is made of ceramic or porcelain and that it is stoneware burned, which means that it absorbs and holds no water in the material. This is important for the health of trees.

The tree's health comes first!

Vergadering van 3 Maart 2018

Daar is verskillende groottes potte beskikbaar:

Nie net 'potte'

Vergadering van 3 Maart 2018

Baie variasies as potte

Vergadering van 3 Maart 2018

Choosing the right pot for your tree

Choosing the best pot for a particular tree is not easy. There are so many available colours, sizes and designs that it can become very difficult to identify exactly which one(s) are best for your tree.

Pot choice is also subjective, ultimately some of the final decisions will be made according to your own personal tastes. Some enthusiasts prefer more conservative pot shapes, textures and glazes, other enthusiasts prefer to make more unusual 'individual' choices.

Om te help met die keuse van ’n pot, kan daar na vier aspekte gekyk word: Die grootte van ’n pot, die vorm van die pot, die kleur en dan die tekstuur.

Choice 1: Pot Dimension

The first thing to consider is the size of the pot that you will need. The correct pot dimensions can be achieved using some basic rules according to the dimensions of the tree itself.

The general rule of thumb is that the pot’s depth should be equal to the diameter of the trunk just above soil level.

For oval or rectangular pots, the length of the pot should be 2/3 the height of the tree.

For round pots, the diameter of the pot should be 1/3 the height of the tree.

For trees with especially wide canopies a wider pot can be necessary and this can be compensated for by using a slightly shallower pot.

As equally, a tree with a very thick trunk (in comparison with the height of the tree) may suit a slightly deeper but narrower pot.

Vergadering van 3 Maart 2018

Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie riglyne op die estetiese aspekte gebaseer is. Vir die beste groeikondisies mag dit nodig wees om sekere spesies van bome in grootter of kleiner potte te plaas. Spesies wat se wortels baie vining groei, soos “Trident Maples’ het dikwels dieper potte nodig terwyl bome wat blomme en vrugte dra, soos “Crab Apples’, potte nodig het waar die wortels spasie het en ook goed doen in dieper potte.

(Ons Akasia bome, nou genoem Senegalia, hou ook van dieper potte.)

Indien ’n boom op ’n rots is kan die/behoort die pot se diepte so diep te wees soos die wydte van die rots. Die rots verteenwoordig dan die stam van die boom.

Below left: Here the pot has deviated from the general guideline because the crown is so big, it is almost as wide as it is high. Thus, the pot is large, not only because of aesthetics and balance, but also because the branches of the tree correspond with an equally large root system that needs space. The photo on the right shows what it would look like if the guideline is followed. The tree belongs to Walter Paul.

Vergadering van 3 Maart 2018

Choice 2: Pot Shape

The style of pot that you choose will need to harmonize with the tree. You need to take a look at your tree and evaluate its characteristics. Try to decide whether your tree is masculine or feminine. Many trees are a combination of both although one is usually more dominant than the other. This is very subjective; for some people a tree may be masculine, for others, it might be feminine. Ultimately, as the owner of the tree, it is for you to decide. It should be noted though, that a firmly masculine tree will never look right in a very feminine oval pot; in turn, a feminine tree will always look awkward in a masculine pot.

What makes a tree feminine or masculine?
A masculine tree gives an impression of strength. It might have a heavily tapered trunk, have craggy, mature bark, strong angular branching; it may have dead wood. It may have a straight, powerful trunk or a dense canopy.

A feminine tree will have a more delicate appearance, a smooth trunk line, smooth bark, sinuous movement in its trunk and branches, a light canopy and slow taper.

Some trees can have masculine and feminine characteristics. With trees such as these it is necessary to identify which is the strongest feature and reflect it. Is it the craggy, fissured bark or the gentle curves of the trunk that have the strongest visual impact? Is it the delicate branching or the powerful tapered trunk that attracts your eye most?

Fortunately, it is possible to find pot designs that can reflect both femininity and masculinity. Pots are considered feminine or masculine. Deep pots with strong angular features are considered masculine whilst more feminine pots are shallower with softer lines. For instance, strong chunky, deep rectangles with sharp corners are very masculine pots, as are square pots. These are suited to thick heavy-trunked masculine trees, especially conifers. For thick-trunked deciduous trees, the corners of the rectangle can be rounded thus reducing the masculinity of the pot a little. Working down through the scale of masculinity, deep chunky ovals come next and then we have drums/round pots that are androgynous i.e. suitable for a masculine or feminine tree. After this we move into the feminine pots which are shallow, delicate ovals and very shallow round literati pots.

Vergadering van 3 Maart 2018

Rectangular pots are suitable for coniferous species and big deciduous trees with very pronounced taper, wide base, heavy-buttressed Nebari. These are used for masculine trees to add a feeling of strength to the tree.

Oval pots are suitable for reflecting the femininity of deciduous trees, clump style bonsai, groves and forests. The less taper the tree has, the more feminine it tends to become; sinuous curves can also dampen the masculinity of a tree.

Round: Suitable for coniferous or deciduous feminine trees, particularly (but not exclusively) for literati/bunjin trees. Tall straight or sinuously curved trees with very little taper are the most feminine and the pots that tend to suit these trees are very shallow rounds.

Pot Lip or Rim

A lip on the upper rim gives additional strength to a masculine tree.
A straight rim is softer for more androgynous trees.
A bowl/convex side is more suited to feminine trees.

Pot Corners

Sharp, right-angled corners are masculine and suitable for masculine trees. Indented corners on a rectangular pot soften the masculinity of a pot. Rounded corners soften the pot further, beginning to resemble an oval pot and more suitable for masculine deciduous trees.

Feet of pot

The main purpose of feet on a bonsai pot is to allow for good drainage and air-flow, but feet can also be used to change the pots appearance. Feet can be subtle and decorative or strong and robust. These qualities can be used to influence the overall feel of the pot. Big chunky feet can add strength to the design and under-stated delicate feet will have the opposite effect.

Vergadering van 3 Maart 2018

Keuse 3: Kleur

Nadat jy jou keuse oor die vorm van die pot gemaak het, sal jy moet besluit oor die kleur en tekstuur van die pot. Alhoewel spesies bome redelik dieselfde is, is elke boom steeds uniek. Elke individuele boom het iets aan hom wat nie dieselfde is as ander bome nie. Daar sal iets aan die boom wees wat jy d.m.v. die kleur of tekstuur van die pot kan beklemtoon en so kan die pot en boom dus saamwerk om ’n geheelbeeld te gee.

Die kleur van die bas van byvoorbeeld ’n ‘Juniper’ kan deur ’n rooi/bruin pot gekomplimenteer word. Of die kleur van die blare, hetsy mooi lentegroen of herfskleure, kan weer deur ’n ander kleur pot gekomplimenteer word. So kan vrugte of blomme op bome ook bepaal watter kleur pot die beste sal wees.

Alhoewel jy gewoonlik probeer om die kleur van die pot met ’n karakter in die boom te laat ooreenkom, kan kontraste in kleur ook gebruik word en baie goed werk. So kan rooi of geel blare van ’n boom dikwels goed kontrasteer met byvoorbeeld ’n blou pot of ander helderkleurige potte.

Vergadering van 3 Maart 2018

Onder is ’n voorbeeld waar die pot se kleur dieselfde is as die stam en bas van die boom. Die pot se tekstuur is ook baie na aan die tekstuur van die bas en komplimenteer die pot dus die boom baie goed.

Die kleur van die pot kan ook gebruik word om die energie van die boom te aksentueer. Warm kleure soos bruin, rooi, oranje en geel, gee ’n gevoel van warmte en stabiliteit aan die boom terwyl koue kleure soos blou en groen ’n vars en gebalanseerde gevoel aan die komposisie gee. Warm en koue kleure kan albei gebruik word in kontras met die boom. Warm kleure word veral gebruik vir baie klein (Mame) boompies.

Choice 4: Pot texture

Textures in a pot are again used to compliment a tree. Smooth clay finishes are suitable for more feminine trees whereas heavily textured pots bring out the masculinity and wildness in a tree. There are pots that are never used for a tree but displayed for its value and beauty.

Vergadering van 3 Maart 2018

Vergadering van 3 Maart 2018

As can be seen, choosing the correct pot is not simple but it can be learnt. Ultimately, a combination of personal tastes, knowledge and experience makes the process much easier. When buying pots for your bonsai, try to make sure you know the pot measurements needed for a tree. It is no good buying a suitable pot only to find it is too big or small for your tree. Have a good idea of the shape that will suit the masculinity or femininity of your tree. Have a good idea of the colors and textures that will suit your tree.

Don't be embarrassed to ask the advice of the senior members in your Kai. However, always try to have a picture of your tree or take the tree with you to where you want to buy the pot, it will make the choice much easier! ♣

REKLAME

Terugvoering oor demonstrasie/werkswinkelbome

Die tema van die vergadering van 5 April 2014 was die gebruik van die Boerboon as bonsai. Prof Gareth Bath het dit aangebied en ’n baie interessante en insiggewende klomp inligting oor die Boerboon verskaf.

As deel van die vergadering het Org aan twee Karoo Boerboon (Schotia afra) bome gewerk. Org het die bome na ’n baie basiese raamwerk gesnoei. Onder is een van die bome waaraan Org gewerk het. Links voor Org begin werk het en regs die basiese raamwerk van die boom. Die foto’s is in die tweede uitgawe 2014 van Koeda geplaas.

Onder is dieselfde boom soos hy lyk op 15 April 2018, dus vier jaar later. Die boom het, soos gesien kan word, baie sterk gegroei en herstel na die harde aanvanklike snoeiwerk. Org het nog nie besluit wat die ‘voorkant’ van die boom gaan wees nie. Hy gaan binnekort begin om fyner stylering te doen.

Vergadering van 7 April 2018

Vergadering van 7 April 2018

Links: Pieter het sy Natal-vytjie gewys wat hy in 2005 van 'n steggie gegroei en daarna op die rots geplant het. Die boompie maak baie wortels wat oor die rots wil groei en Pieter beheer hulle want hy wil nie hê die hele rots later moet toe wees met wortels nie.
Onder: Koos het hierdie Apiesdoring in 2008 van saad gegroei.

Bo: Martin vertel dat hierdie Natalvy byna doodgeryp het. Toe hy later uitloop, het hy self in die 'clump' styl ontwikkel.

Onder: Pieter het hierdie Apiesdoring in 1990 van saad begin.

Vergadering van 7 April 2018

Links: Koos het hierdie Koorsboom in 2003 as ’n baie klein plantjie by ’n kwekery gekoop. Die boom het aanvanklik gesukkel totdat Koos hom in die ‘groot’ pot met sanderige groeimengsel geplant het. Nou groei die boom baie goed.

Bo: Philip het die Olien-woud gekoop by ’n oud-lid en skat die woud is so 30 jaar oud.

Links: Rohan het drie Witstinkhout boompies op die Hardekoolstomp geplant as ’n Tanuki. Hy het die Hardekool stomp in die wildtuin opgetel. Hy oorweeg om dalk die ‘voorkant’ te verander.

Vergadering van 7 April 2018

'Tip of the month' - By Prof Gareth Bath

Gareth said that trees require (mostly) four things to grow. Water, sunlight, nutrients and heat. Here where we live we often get too much heat on hot summer days. The problem for trees is radiant heat and not so much the temperature. Too much heat causes excessive water loss in trees. What can we do?

Provide shade during the hottest time of the day. The problem with too much shade is that trees develop large leaves.

Gareth said that if you pick up your pots in the hottest time of the day they are so hot that they burn your hands. Imagine how stressful that must be to the tree roots and therefore the tree. How can we protect the pots from becoming so hot?

- Wrap your pots in cloth. Especially white colored cloth.
- You can also wrap them with shade cloth/netting.
- You can use frost cloth to wrap them with. The type you use to protect plants from frost in winter.
- Use a bag with something like peach pits, peanut shell etc and place your pot in that. The pits and shells can isolate the pot from the heat.

This time of the year when the heat is less, you can remove the protection from the pots.

Die vergadering het bestaan uit 'n drie-punt demonstrasie deur Org, Duvan en Kobus.

Duvan het so drie of vier jaar terug 'n paar klein Olienbome by 'n kwekery gekoop. Die boompies het in die tuin gestaan en die wortels het by die sakkies se dreineringsgate uitgegroei tot in die grond,. Die stamme het dus lekker verdik. Onder (en op die volgende bladsy) is voor en na foto's van hoe Duvan die bome nou na 'n basiese raamwerk gesnoei het.

Vergadering van 7 April 2018

Bo: Die tweede boom waaraan Duvan gewerk het.

Links: Die fotograaf het versuim om ’n foto te neem van die derde boom nadat Duvan hom voltooi het.

Onder: Kobus het in 2016 die onderste Olien by Koega uitgegrawe op een van daai “dig trippies”. Hy vertel dat die boom drie maande geneem het voordat hy enige teken van lewe gewys het. Soos gesien kan word, het die boom mooi gevat en was dit nou tyd vir drastiese snoeiwerk na ’n basiese raamwerk. Die boom het indrukwekkende ‘nebari’ en beloof om ’n prag bonsai te word.

Vergadering van 7 April 2018

Regs: Org het so vyf jaar gelede toe hy in Durban was, die Kanniedood 'steggie' gekry en geplant. Org het so bietjie aan die boom gewerk maar wou liewer by die Olien uitkom, onder gewys. Die Olien is ook 'n Koega boom wat Org so 4 jaar gelede gegrawe het.

"We are what we repeatedly do. Excellence, then, is not an act, but a habit."

- Aristotle

GEWOONTES / ROETINES

Ons het baie gewoontes of roetines in ons lewens.

'n Man het jare lank in 'n sekere woonbuurt gewoon vanwaar hy elke dag dieselfde roete van sy werk af huis toe gevolg het. Toe het hy na 'n ander voorstad aan die ander kant van die stad getrek. Eendag ná werk het hy soos altyd huis toe gery. Eers toe hy in sy ou buurt was, het hy agterkom dat hy die verkeerde pad geneem het. Hy het uit gewoonte na sy vorige huis gegaan!

Geen wonder dat die mag van die gewoonte soms ons tweede natuur genoem word nie, 'n mag wat 'n kragtige uitwerking op ons lewens het. As dit goeie gewoontes is, is dit baie nuttig. Maar gewoontes kan ook baie skadelik wees.

Iemand het gesê: "As jou gewoontes nie met jou droom ooreenstem nie, moet jy of jou gewoontes of jou droom verander. As jy aan jou droom wil vashou, wees bereid om jou gewoontes te verander".

Frank Outlaw gee die volgende raad: "Wees versigtig wat jy **dink**; dit word jou woorde. Wees versigtig wat jy **sê**; dit word jou aksies. Wees versigtig wat jy **doen**; dit word jou gewoontes. En gewoontes bou 'n mens se **karakter"**.

So het van ons ook gewoontes in die beoefening van bonsai.

Ons gee water uit gewoonte, sonder om mooi te kyk of die boom water nodig het. Ons gee sommer bome wat min water benodig, dieselfde hoeveelheid as die wat baie water wil hê. Ons vergeet om te kyk na verandering in temperatuur, vogtigheid, die grootte van die pot, waar die plant staan, watter spesie boom dit is ens.

Ons verplant uit gewoonte/roetine, sê elke twee jaar, sonder om regtig te kyk of die boom dit nodig het. Ons vergeet om in ag te neem dat vining-groeiende bome meer gereeld as stadig-groeiende bome oorgeplant moet word.

Ons gee volgens gewoonte/roetine voeding en sommer dieselfde hoeveelheid aan al die bome.

Die enigste gewoonte/roetine wat jy moet aanleer is om elke boom as individu te hanteer. Elke boom is verskillend met sy eie behoeftes.

Die foto regs (vanaf die internet gekry) is van 'n trop skape wat elke dag langs die kamp se heining gestap het om deur die hek te gaan. Eendag is die heining verwyder en uit gewoonte/roetine, het al die skape steeds teen die (denkbeeldige) heining gestap om deur die hek te stap.

Laat ons nie so in gewoonte verval dat ons net die hek sien en nie die heining wat nie meer daar is nie. ♣



Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Mei?

Dit is laat herfs en die boompies maak gereed om in 'n dormante stadium te gaan. Verminder watertoediening maar let daarop dat die boompies nie uitdroog nie. Te veel water kan wortelvrot en/of swamsiektes tot gevolg hê. Bemesting is nie nodig nie. Verwyder alle vrugte, bessies en blare wat nog aan bladwisselende bome sit aangesien dit die boom gedurende die wintermaande verswak. Indien jy nog vars saad het wat jy wil plant kan dit nog vroeg Mei gedoen word. Dit is ook die laaste geleentheid om 'n boom of twee te verplant (sonder wortelsnoei) voordat die winter begin. Aangesien moontlike ryptoestande op pad is, is dit nou die tyd om koue-sensitiewe bome te beskerm.

Wat doen ons in Junie?

Alle boompies behoort nou dormant te wees. In koue toestande moet watertoediening verkieslik nie laatmiddag of in die aand gedoen word nie. Watertoediening in die oggend laat genoeg tyd gedurende die dag om te dreineer. Gedurende baie koue nagte kan oortollige water veroorsaak dat die wortels vrot. Indien jy verveeld begin raak kan jy gerus jou gereedskapkas nader trek en jou gereedskap begin skoonmaak.

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel, is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Mei	22	8	9	3	6-30mm
Junie	19	5	9	1	6-30mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

Bonsai-groete

Francois

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late sum-mer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consoli-date new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning				Immergroen bome Evergreen trees	
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

Snippets

Our Environment.

Herewith some homemade cleaners to make yourself.

Inspirasie uit die natuur

Mack Boshoff het ’n bonsai-styl ontwikkel wat hy die wurgstyl noem. Bo is ’n mooi voorbeeld wat **Martin Kruger** by Umzumbe aan die Natalse Suidkus afgeneem het van ’n Ficus Natalensis wat ‘boor’ n ander boom groei en hom wurg.

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.